

**Provinsiale Regering Wes-Kaap
Provinsiale Tesourie**

**Jaarlikse Prestasieplan
2011/12 – 2013/14**



PR25/2011

ISBN: 978-0-621-39893-9

Om addisionele afskrifte van hierdie dokument te bekom tree in verbinding met

Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie
Direktoraat Finansiële Bestuur
Privaatsak X9165
Dorpstraat 4
KAAPSTAD
Tel. (021) 483-8218
Faks (021) 483-5773
e-mail tmahlaba@pgwc.gov.za

To obtain additional copies of this document please contact

Western Cape Provincial Treasury
Directorate Financial Management
Private Bag X9165
4 Dorp Street
CAPE TOWN
Tel. (021) 483-8218
Fax (021) 483-5773
e-mail tmahlaba@pgwc.gov.za

likopi zolu xwebhu ungazifumana nokuqhagamshelana ne

Western Cape Provincial Treasury
Directorate Financial Management
Private Bag X9165
4 Dorp Street
CAPE TOWN
Umnxeba (021) 483-8218
Ifaksi (021) 483-5773
e-mail tmahlaba@pgwc.gov.za

Voorwoord

Die twaalfde en moontlik lofwaardigste strategiese doelstelling van die Provinsiale Regering is om die besbestuurde streeksregering ter wêreld te bou. Vir ons spreek hierdie visie van 'n korrupsievrye, finansiële foutvrye administrasie. Die Provinsiale Tesourie is 'n sleutelbelanghebbende in die bereiking van hierdie doelwit, en in 2011/12 het ons ons gedagtes en ons begroting toegespits deur programme te befonds wat ons doeltreffendheid, effektiwiteit en responsiwiteit sal verhoog.

Verlede jaar het die Provinsiale Tesourie die departemente van die Wes-Kaap gelei om die hoogste louere in te oes, naamlik 25 ongekwalifiseerde oudits. Deur dit te doen, het ons nie net die norm vir ons toekomstige ouditeursverslae gestel nie, maar ook vir ander provinsies se ouditeursverslae.

Daarom is vanjaar se aksieplan daarop gerig om toe te sien dat die Provinsiale Tesourie sy toesigrol oor hierdie staatsdepartemente en die munisipaliteite binne die Wes-Kaap verbeter. Van deurslaggewende belang vir ons toekomstige finansiële korporatiewe bestuursukses is die samewerking wat ons van die Rekenpligtige en Hoof- Finansiële Beamptes van hierdie organisasies ontvang. Ons sien daarna uit om voort te bou op die positiewe verhoudings wat ons oor die afgelope paar jaar opgebou het, sodat ons selfs hoër vlakke van finansiële omsigtigheid in 2011/12 kan behaal.

Die Provinsiale Tesourie het weer eens 'n agenda vir die jaar gestel wat moeilik, maar nie onmoontlik nie, sal wees om te behaal. In die strewe om die beste te wees, sal ons klein spannetjie sy begroting van R148.976 miljoen benut om toe te sien dat elke ander departement, en indien haalbaar, elke munisipaliteit, hulle geld daaraan bestee om die beste moontlik diensleweringvoordele vir die mense van die Wes-Kaap te behaal.

Ek sien daarna uit om die toekomstige prestasies van hierdie departement te vier, en ek wens die span van die Provinsiale Tesourie alles van die beste toe vir die jaar wat voorlê terwyl hulle hul doelwitte nastreef.



ALAN WINDE

UITVOERENDE GESAG VAN FINANSIES, EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

AMPTELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- Ontwikkel is deur die bestuur van die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie onder die leiding van minister Alan Winde.
- In ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie opgestel is.
- Die prestasieteikens uiteensit wat die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie sal poog om te bereik ten einde die hulpbronne te bereik wat in die begroting vir 2011/12 beskikbaar gestel is



A Gildenhuys (Mnr)
Hoof- Finansiële Beampte

Handtekening _____



J C Stegmann (Dr)
Rekenpligtige Beampte

Handtekening _____

Goedgekeur deur
A Winde (Mr)
Uitvoerende Owerheid



Handtekening _____

Inhoud

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1.	Bygewerkte situasieanalise	1
1.1	Prestasieleweringsomgewing	2
1.2	Organisatoriese omgewing	3
1.3	Strategiese doelwitte van die departement	4
1.4	Beskrywing van die strategiese beplanningsproses	8
1.5	Hersienings van wetgewende en ander mandate	11
2.	Oorsig van 2011-begroting en MTBR-ramings	12
2.1	Uitgaweramings	12
2.2	In verband bring van bestedingstendense met strategiese doelwitte	13

DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

3.	Program 1 – Administrasie	15
4.	Program 2 – Volhoubare Hulpbronbestuur	30
5.	Program 3 – Bate- en Lastebestuur	53
6.	Program 4 – Finansiële Korporatiewe Bestuur	66

DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE

7.	Skakels met die langtermyn-infrastruktuur- en ander kapitaalplanne	83
8.	Voorwaardelike toekennings	83
9.	Openbare entiteite	83
10.	Publieke-private vennootskappe	83
11.	Aanhangsel E (Beskrywings van tegniese aanwysers)	83

Afkortings

AAMRP	Algemeen Aanvaarde Munisipale Rekeningkundige Praktyk
ADG	Adjunk-direkteur-generaal
AERP	Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk
ASGISA	Versnelde en Gedeelde Groei-Inisiatief vir SA
BB	Bestuursbriewe
B-BBP	Bewaarder-batebestuurbestuursplanne
BBPS	Bruto Binnelandse Produk per Streek
BEN	Buro vir Ekonomiese Navorsing
BFR	Batefinansieringsreserwe
BGSEB	Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging
BRBK	Bedrog- en Risikobestuurskomitee
BRS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BTK	Begrotingstesouriekantoor
BV	Begrotingsverklaring
DBBK	Departementele Bod- en Beoordelingskomitee
DH	Hoof van Departement
DLBIP	Diensleweringbegroting-implementeringsplan
DLO	Diensleweringsoorsig
DOWV	Departement van Openbare Werke en Vervoer
DPRB	Departement van Plaaslike Regering en Behuising
DvdP	Departement van die Premier
DVO	Diensvlakooreenkoms
EO	Ekonomiese Ontleding
EOE	Ekonomiese Ontwikkelingseenheid
ERA	Ondernemingsrisiko-evalueerder
FBS	Finansiële Bestuurstelsel
FJS	Finansiële Jaarstate
FKBOV	Finansiële Korporatiewebestuursoorsig en -Vooruitskouing
FWVM	Finansiële wasdomvermoë-model
G-BBP	Gebruiker-batebestuurbestuursplanne
GFBS	Geïntegreerde Finansiële Bestuurstelsel
GFJS	Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne
GVV	Gebruikersvereisteverklaring
HFB	Hoof- Finansiële Beampte
HBI	Histories Benadeelde Individu

HBT	Hoofbeampte Tesourie
IBAK	Institusionele Bestuurs- en Arbeidskomitee
IE	iKapa Elihlumayo
IGP	Indiensnemingsgelykheidsplan
IIO	Instituut vir Interne Ouditeure:
IJM	In-Jaar-Monitering
IKT	Inligtingskommunikasietegnologie
ILP	Infrastruktuurleweringsplan
IMFB	Instituut vir Munisipale Finansiële Beamptes
IOP	Individuele Ontwikkelingsplanne
IO	Interne Oudit
IOBS	Bestuurstelsel vir Infrastruktuurontwikkeling
IPBE	Infrastruktuurprogram-bestuurseenheid
IRKK	Interregering-kontantkoördinerings
IRV	Interregeringsverhoudinge
IT	Inligtingstegnologie
IUBL	Inkomste, Uitgawes, Bates en Laste
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KAVOLG	Kaapse Agentskap vir Volhoubare Ontwikkeling in Landelike Gebiede
KBOP	Konstruksiebedryf-ontwikkelingsprogram
KDS	Korporatiewe Dienste-sentrum
KMO	Klein en Medium Ondernemings
KMMO	Klein, Medium en Mikro-onderneming
KPV	Kwartaallikse Prestasieverslag
LOGIS	Logistiese Inligtingstelsel
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
MEOS	Mikro-Ekonomiese Ontwikkelingsstrategie
MEDVAS	Mediesevoorraad-administrasieselsel
MHB	Menslikehulpbron-bestuur
MH	Menslike Hulpbron
MHO	Menslikehulpbron-ontwikkeling
MHOS	Menslikehulpbron-ontwikkelingsstrategie
MSB	Mediaskakelbeampte
MSDA	Minister van die Staatsdiens en Administrasie
MSP	Meesterstelselplan
MTBBV	Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring
MTBK	Mediumtermyn-bestedingskomitee
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MTFR	Mediumtermyn- Fiskale Raamwerk

MTIUR	Mediumtermyn-Inkomstebestedingsraamwerk
NMIV	Nasionale Minimum Inligtingsvereistes
NT	Nasionale Tesourie
NTR	Nasionale Tesourieregulasies
OBSA	Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OK	Ouditkomitee
OO	Organisatoriese Ontwikkeling
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
PA	Prestasieaanwyser
PBD	Provinsiale Billike Deel
PBE	Programbestuurseenheid
PBOS	Prestasiebestuursontwikkelingstelsel
PBR	Prestasiebestuursraamwerke
PEO	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
PEO&V	Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitskouing
PERSAL	Personeel- en Salarisadministrasieselsel
PFMA	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)
PFSA	Pensioenfonds vir Staatsamptenare
PGOS	Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie
PMA	Prestasiemaatstafaanwyser
POR	Provinsiale Ontwikkelingsraad
PPBK	Provinsiale Portefeuljebeheerkomitee
PPBS	Personeelprestasiebestuurstelsel
PPV	Publieke-Private Vennootskappe
ProvR	Provinsiale Regering
PR	Plaaslike Regering
PR MTBK	Plaaslike Regering – Mediumtermyn-Bestedingskomitee
PROR	Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk
PRWK	Provinsiale Regering Wes-Kaap
PT	Provinsiale Tesourie
PTB	Provinsiale Tesouriebestuur
PTF	Provinsiale Tesourieforum
PTI	Provinsiale Tesourie-instruksies
PVFB	Plan vir Verbetering van Finansiële Bestuur
PVIL	Plan vir Verbetering van Infrastruktuurlowering
RB	Rekenpligtige Beampte
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RRS	Raad op Rekeningkundige Standaarde

SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid
SBP	Standaardbedryfsprosedure
SBS	Senior Bestuursdiens
SDKBR	Staatsdienskommissie-bedingingsraad
SEB	Swart Ekonomiese Bemagtiging
Sel	Sentrum vir e-Innovering
SEO	Sosio-ekonomiese Oorsig
SEP	Sosio-ekonomiese Profiel
SETA	Sektorowerheid vir Onderwys en Opleiding
SIP	Strategiese Infrastruktuurplan
SITA	Staatinligtingstechnologie-agentskap
SI	Sake-intelligensie
SIV	Sake-insigvouer
SPU	Sakeprosesuitbesteding
SRT	Standaardrekeningetabel
TFS	Tussentydse Finansiële State
TBV	Tesouriebestuursvergadering
TELEKOM	Telekommunikasie
TKB	Totale Kwaliteitsbestuur
TKE	Totale Koste van Eienaarskap
TKF	Tegniese Komitee oor Finansies
UOWP	Uitgebreide Openbarewerke-program
Vboo	Volwasse Basiese Onderrig en Opleiding
VDV	Verbetering in Diensvoorwaardes
VKB	Verskaffingskettingbestuur
VKF	Vaste Komitee oor Finansies
VKOR	Vaste Komitee oor Openbare Rekeninge
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
VOOS	Verdere Onderwys en Opleiding-sertifikaat
VOP	Versneldeontwikkeling-program
VPA	Elektroniese Aankoopstelsel
VPO	Korporasie vir Openbare Deposito's
VT	Voorwaardelike toekenning
VVK	Versoek vir Kwotasies
VVV	Versoek vir Voorlegging
VWG	Voorkeurwerkgewer
WBVSB	Wet op Regeringswye Bestuur van Vaste Staatsbates
WKDO	Wes-Kaapse Departement van Onderwys

WKMTBBV	Wes-Kaapse Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring
WKRDW	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
WKVD	Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis
WMFB	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003)
WOVI	Wet op Verdeling van Inkomste
WRPPB	Wet op die Reguleringsproses van Provinsiale Belasting
WRVVB	Wet op die Raamwerk vir 'n Voorkeurverkrygingsbeleid
WVP	Werkplek-vaardigheidsplan

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1. Bygewerkte situasieanalise

Die algehele rigting en omgewing bly breedweg dieselfde as wat verder in die Strategiese Plan van 2010/11-2014/15 (SP) uiteengesit is. Daar is egter 'n toenemende erns en dringendheid by die regering die dienslewingsprobleme en -uitdagings aan te pak wat die verwesenliking van werklike en wydverspreide sosio-ekonomiese uitdagings en voordele beduiwel het.

'n Sleutelement in die bereiking van die nasionale en provinsiale doelwitte of uitkomst wat gestel is, kan gevind word in aansienlik verbeterde finansiële korporatiewe bestuur, aangesien dit nie net die doeltreffendheid van besteding en inkomste-invordering sal verbeter nie, maar ook 'n belangrike bydrae daartoe sal wees om te verseker dat hulpbronne ten beste aangewend word.

Hierdie Provinsie het die afgelope finansiële jaar goed gevaar met die verbetering van ons finansiële bestuur en het sodoende 'n goeie fondament vir die toekoms gelê. Hierdie prestasie is egter nie oornag behaal nie en sal ingelyks nie maklik wees om op te verbeter nie want dit sal steeds die toegewyde verbintenis en leierskap van uitvoerende owerhede se rekenpligtige beamptes, hul Hoof- Finansiële Beamptes en inderdaad alle personeel verg om na hoër vlakke te beweeg. Die ambisieuse, maar moontlike, doelwit wat op die lang termyn gestel is, is om die besbestuurde streeksregering te wees, gemeet aan internasionale maatstawwe.

Die 2011/12-finansiële jaar word dus gekenmerk deur 'n mate van verfyning in die lewering wat betref Tesourie se gestelde doelwitte, waarvan die doelstellings nie haalbaar sal wees nie in die afwesigheid van, enersyds, verdere uitbouing van interne bevoegdheid en kapasiteit en, andersyds, die bou van sterk vennootskappe met departemente, entiteite en munisipaliteite asook met nasionale departemente, veral Nasionale Tesourie.

Ter wille van duidelikheid en deurlopendheid word die Tesourie se Visie, Missie en verklaarde waardes hieronder herhaal.

Visie

Veranderingsagent in hulpbrontoewysing en benuttingspraktyke in die nastrewing van 'n sistematiese vermindering in maatskaplike en ekonomiese dispariteite.

Missie

Om ondersteunende finansiële middele te verkry en die optimale benutting van hulpbronne deur middel van gesonde korporatiewe bestuursbeginsels te koester.

Waardes

Die Provinsiale Tesourie koester die volgende waardes:

- Om uitvoering aan die staatsdiens-gedragkode te gee.
- Om tot diens te wees, om mense te bemagtig.
- Om 'n billike-indiensnemingswerknemer te wees.
- Om bewus te wees van en respek te kweek vir ons land se heterogeniteit.
- Om al die mense van die Wes-Kaap tot voordeel te wees.

1.1 Prestasieleweringomgewing

Die omvang van die verantwoordelikhede van die Provinsiale Tesourie het oor die afgelope 15-16 jaar aansienlik verander, met groter betrokkenheid in die sfeer van plaaslike regering en 'n toenemende rol in die bepaling van fiskale beleid en die verbetering van fiskale dissipline en omsigtigheid binne departemente en entiteite. Met een jaar van die huidige vyfjaar-prestasiesiklus agter die rug sal die Provinsiale Tesourie in die oorblywende jare verder aan sy inisiatiewe bou, spesifiek aan die verbetering van sy pogings tot toedelingsdoeltreffendheid ten einde hoër doelwitte van dienslewering binne provinsiale departemente, entiteite en munisipaliteite te behaal.

Die leweringsteikens wat vir die volgende vier jaar gestel is, maak gesamentlik 'n formidabele uitdaging uit, en die twee leweringstakke binne die Tesourie, **Fiskale en Ekonomiese Ontleding** en **Korporatiewe en Batebestuur** binne die Provinsiale Tesourie sal sterk gefokus moet bly op die strategiese doelwitte wat in die SP van 2010/11-2014/15 uiteengesit is.

Vir die Tak **Fiskale en Ekonomiese Ontleding** impliseer dit die bereiking van doeltreffende en effektiewe inkomstegenerering, -invordering, toewysing en -benutting regdeur die plaaslike sowel as provinsiale sfeer, iets wat glad nie 'n maklike doelstelling is om te verwesenlik nie, ongeag die meetinstrumente wat gebruik word. Bo aan die lys sal daar die doelstelling wees van die kweek van responsiewe departementele, munisipale en entiteitsbegrotings wat weselik tot verbeterings in 'n aantal geselekteerde sosio-ekonomiese uitkomste sal bydra.

Vir die Tak **Korporatiewe en Batebestuur** impliseer dit progressiewe verhoging van die doelwitte wat betref standarde van rekeningkundige en finansiële korporatiewe bestuur en die instelling van doelgerigte stappe wat volledige data-integrasie tot gevolg sal hê, byna volledige vermindering van onreëlmatighede en korrupsie en gepaardgaande skoon oudits binne departemente, entiteite en munisipaliteite. Van sleutelbelang hieronder is die ontwikkeling en bekendstelling van die gewenste interne beheermaatreëls, selftoetsing en die sistematiese bou van vaardighede onder hoof- finansiële beamptes oor die algemeen, en meer spesifiek, finansiële rekenmeesters en verskaffingsketting- en batebestuurspersoneel dwarsoor albei sferes.

1.2 Organisasoriese omgewing

Gedurende 2010/11-finansiële jaar het verskeie inisiatiewe wat reeds in 2009/10 begin het, in werking getree. Twee belangrike gebeurtenisse wat hierdie Departement gedurende 2010/11 geraak het, was die verskuiwings van onderskeidelik die gedeelde Provinsiale Interne Oudit-eenheid en die MHB-eenheid, tesame met nog tien ander departemente, na 'n sentrale Korporatiewe Dienste-sentrum (KDS) binne die Departement van die Premier.

Gesamentlik hiermee was Tesourie ook in die proses van finalisering van hul derde herkonfigurasieproses voortspruitend uit veranderinge in die bedryfsgewing, nuwe eise en die bou van 'n soliede basis oor 'n aantal jare wat vir realistiese konseptualisering op hoër vlakke van tesourietipe dienste voorsiening maak. Verskeie direktorate en komponente is hetsy herkonfigureer of daar is nuwes geskep om interne doeltreffendhede te verbeter en aan hierdie voortgesette en veranderende eise te voldoen, hoofsaaklik op die gebiede van verantwoordelikhede teenoor die munisipale sfeer en beter inligtingsbestuur.

Verder het die veranderinge wat deur die provinsiale korporatiseringsproses teweeggebring is, ook 'n uitwerking op die Kantoor van die Departementshoof gehad, aangesien daar voorsiening vir verskeie Koppelvlakaktiwiteite ten opsigte MH, koördinerings, regulering en die Korporatiewe Dienste-sentrum voorsiening gemaak moes word in die vorm van klein toegewyde kliënteverhoudings-eenheid. Hierdie eenhede is departementspesifiek en is befonds uit besparings wat deur die korporatiseringsproses gerealiseer is. Die netto resultaat van hierdie pogings en bedoelings sal die getal poste binne die Departemente vanaf die aanvanklike 355 tot 312 verminder, oftewel met 47 poste altesaam.

Ondernemingsrisikobestuur is ook na die Korporatiewe Dienste-sentrum verskuif, maar een amptenaar is oorgeplaas. Die aktiwiteite van die Bedrog- en Risikokomitee is voortgesit en het vordering gemaak met alle bedryfs- en strategiese risiko's wat gegradeer en in 'n risikomatriks omskep is.

Binne die Direktooraat Finansiële bestuur is sekere veranderinge ook aangebring, wat gedurende 2011/12 in werking behoort te tree. Hierdie veranderinge sluit die verskuiwing in van die dokumentbeheer- en sekere hulpdienste na die Tak: **Fiskale en**

Ekonomiese Ontleding, met die oorblywende hulpdienste wat onder die VKB-eenheid sal resorteer, terwyl die risiko- en internebeheer-afdeling as 'n gekombineerde en meer doelgerigte afdeling herkonfigureer is. Vir die 2011/12- finansiële jaar en daarna sal die ondersteuningsaktiwiteite wat deur Finansiële Bestuur gelewer word, op verbetering van 'n dienste aan die Minister, die Departementshoof, die twee Takbestuurders en hul personeel fokus. Teen die agtergrond van stygende eksterne en interne audit- en tesourievereistes streef die Departement daarna om hul vlak van finansiële prestasie te verbeter tot die voorafbepaalde standaard wat deur al die betrokke partye gestel word.

1.3 Strategiese doelwitte van die departement

Die strategiese doelwitte van die Departement is effens gewysig en herrangskik as gevolg van interne herkonfigurasies wat gedurende 2010/11 baie naby aan afgehandel was. Ter wille van volledigheid word die doelwitte hieronder gelys en sal dit op die Provinsiale Tesourie se webwerf gepubliseer word, by <http://www.capegateway.gov.za/treasury>.

Program 1

Strategiese Doelwit 1	Wees die lid van die Uitvoerende Raad en die Departementshoof behulpsaam met die funksies wat aan hulle toegewys is.
Doelwitstelling	Om doeltreffende strategiese sekretariële ondersteuning, administratiewe ondersteuning en kommunikasiedienste te lewer.
Regverdiging	Verseker dat die visie, missie, strategiese doelwitte en doelstellings van die Departement verwesenlik word.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Strategiese Doelwit 2	Doeltreffende finansiële bestuur van die Departement tot op 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering.
Doelwitstelling	Om finansiële bestuurs- en verbandhoudende adviesdienste te lewer; om beperkte voorsiening vir akkommodasievereistes te maak.
Regverdiging	Verminder risiko, verseker doeltreffende en effektiewe gebruik van finansiële hulpbronne en verseker skoon ouditeursverslae en volhoubaarheid binne die Departement.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Program 2

Strategiese Doelwit 3	Inkomstetoereikendheid, optimalisering en doeltreffendheid van inkomste-invordering vir departemente en munisipaliteite om 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering te bereik.
Doelwitstelling	Doeltreffende inkomstebronne en fiskale beleid, wat sonder enige nadelige ekonomiese effekte met finansieringsvereistes handel.
Regverdiging	Die beperkte en begrensde fiskale struktuur vereis van die provinsiale en plaaslike regering om die optimale en doeltreffende invordering van alle potensiële inkomstebronne te verseker.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Strategiese Doelwit 4	Moniteer en evalueer kontantvloeï- en beleggingsbestuur sodat dit volhoubaar en geloofwaardig is en dienslewering sal bevorder, en likiditeit in departemente en munisipaliteite te verbeter.
Doelwitstelling	Verseker volhoubare, geloofwaardige en doeltreffende kontantvloeï en beleggingsbestuur in departemente en munisipaliteite.
Regverdiging	Deur doeltreffender en meer effektiewe kontantvloeï en beleggingsbestuur te verseker sal die Departement dienslewering verbeter en likiditeit in departemente en munisipaliteite behou.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Strategiese Doelwit 5	Responsiewe begrotings vir alle provinsiale departemente, munisipaliteite en entiteite om 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering te bereik.
Doelwitstelling	Bevorder die ontwikkeling van responsiewe departementele, munisipale en entiteitsbegrotings wat bydra tot verbetering van geselekteerde sosio-ekonomiese uitkomste deur ekonomiese ontleding, begrotingsformulering, begrotingstoewysings en monitering van prestasie.
Regverdiging	Provinsiale, munisipale en entiteitsbegrotings is bedoel om sleutelrolle as beleidsinstrumente te speel ten einde maatskaplike en ekonomiese uitdagings die hoof te bied. Die bereiking van sosio-ekonomiese imperatiewe moet deur toepaslike begrotingsbeleid en begrotingstoewysings ondersteun word. Begrotings wat met geselekteerde sosio-ekonomiese uitkomste en regeeringsprioriteite/-doelwitte sowel as doeltreffende M&E-prosesse handel ten einde uitvoering van begrotingsbeleid en -planne te moniteer is belangrik om doeltreffende hulpbrontoewysing te verseker.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Strategiese Doelwit 6	Geloofwaardige begrotings binne departemente, munisipaliteite en entiteite om 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering te bereik.
Doelwitstelling	Begrotings wat volhoubaar, bedryfsdoeltreffend, doelgerig en volgens beplanning geïmplementeer is.
Regverdiging	Verbeter die volhoubaarheid en geloofwaardigheid van provinsiale, munisipale en entiteitsbegrotings, die monitering van implementering ten einde x-doeltreffendheid, finansiële omsigtigheid en fiskale dissipline te verbeter ten einde die kapasiteit te maksimeer van provinsiale departemente en munisipaliteite om dienste te lewer.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Strategiese Doelwit 7	Verbeter die vlak van infrastruktuurlewering ten einde 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering te bereik (departemente van Onderwys, Gesondheid, Vervoer en Openbare Werke asook geselekteerde munisipaliteite) en die gesonde bestuur van PPV-projekte.
Doelwitstelling	Doeltreffende en effektiewe lewering van infrastruktuur en bestuur van roerende bates, insluitende PPV-projekte deur institusionalisering van beste praktyk, stelsels, gereedskap en bouvermoë.
Regverdiging	Departemente en munisipaliteite het steeds 'n tekort aan vermoë ten opsigte van sakeprosesse, ens. ten einde optimale belegging in infrastruktuur en gesonde bestuur van nie-roerende bates te bereik.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Program 3

Strategiese Doelwit 8	Verbeter departementele en munisipale kapasiteit en prestasie ten einde 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering vir VKB en bestuur van roerende bates te bereik.
Doelwitstelling	Staan departemente en munisipaliteite by ten opsigte van VKB en bestuur van roerende bates ten einde kapasiteit te bou en goeie korporatiewebestuur-praktyke af te dwing; en vir departement om verhoudinge met SEB- en KMMO- sakepersone te verbeter ter ondersteuning van voorkeurverkrygingsimperatiewe en 'n dwarsliggende kontrakmodel vir die provinsie te implementeer wat uitvoering aan skaalekonomieë en waarde vir geld gee.
Regverdiging	Verseker dat die visie, missie, strategiese doelwitte en doelstellings van die Departement verwesenlik word.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Strategiese Doelwit 9	<i>Bestuur, benutting en implementering van finansiële stelsels om 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering in provinsiale departemente en geselekteerde entiteite te bereik.</i>
Doelwitstelling	Maak voorsiening vir standaardimplementering, -bestuur en tegniese gebruikersondersteuning (hulplyn en opleiding) van bestaande finansiële stelsels en die oorgang na die Geïntegreerde Finansiële Bestuurstelsel (GFBS), ter verbetering van voldoening aan die WOFB en ander toepaslike wetgewing.
Regverdiging	Hierdie doelwit sal bydra tot gesonde finansiële bestuur, vaardige stelselgebruikers wat van kapasiteit voorsien is en voldoening aan die staat van gebruikersvereistes.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Program 4

Strategiese Doelwit 10	Verseker die ontwikkeling van rekeningkundige praktyke binne die provinsiale en plaaslike regering wat doeltreffende en effektiewe invoer van IUBL-bewegings/aanspreeklikheid sal verseker en tot bereiking van status van vlak 3- en hoër ouditeerbare organisasie sal bydra.
Doelwitstelling	Bring 'n gesonde en dinamiese finansiële rekeningkunde-raamwerk tot stand om aanspreeklikheid, deursigtigheid en goeie korporatiewe bestuur te bevorder.
Regverdiging	Verbeter die gehalte en integriteit van finansiële rekeningkunde en verslagdoening om alle transaksies en die waardes en omvang te weerspieël van alle bates wat deur die regering besit word.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

Strategiese Doelwit 11	Stel departemente en munisipaliteite in staat om 'n vlak 3+ finansiële bestuursvermoë oor die volgende 5 jaar te bereik.
Doelwitstelling	Ontwikkel, implementeer en monitor voldoening aan norme en standaarde van korporatiewe bestuur binne plaaslike en provinsiale regering.
Regverdiging	Ingevolge A18 van die WOFB en A5 van die WMFB moet die Provinsiale Tesourie die norme en standaarde vir finansiële bestuur stel en kan hulle behulpsaam wees met die implementering daarvan en sodoende die doeltreffende en ekonomiese benutting van hulpbronne te verbeter.
Skakels	Geskakel aan die Provinsiale Strategiese Doelstelling om die besbestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou.

1.4 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses

Soos in die SP-dokument genoem word, dek die strategiese beplanningsproses 'n tydperk van vyf jaar (met vier jaar van die huidige siklus wat nog oorbly), en word hul prestasielewering oor die tussenliggende kwartaallike en jaarlikse intervalle geëvalueer. Sekere strategiese doelstellings en prestasieaanwysers is noodwendig gegrond op 'n oorsig van die 2010/11-prestasie en veranderinge in die omgewing wat gedurende die opstel en samestelling van die Jaarlikse Prestasieplan voorgekom het, en sal dit ook vanaf Maart 2011 op die Provinsiale Tesourie se webwerf <http://www.capegateway.gov.za> beskikbaar sal wees.

Die kernelemente van die hersiene strategiese doelstellings (indien toepaslik) en die verbandhoudende sleutelprestasie-areas is in die teks hieronder vervat.

Die taamlik beperkte en stram fiskale omgewing wat beskikbaar is, vereis van nasionale, provinsiale en plaaslike regerings om die volle benutting en optimale en doeltreffende invordering van inkomste uit alle potensiële bronne te verseker, insluitende die versekering dat ekonomies volhoubare inkomstestrome doeltreffend en effektief ontwikkel word. In hierdie opsig sal die Fiskale Beleidseenheid meganismes ontwikkel wat vir optimale inkomste-invordering voorsiening maak deur navorsing oor inkomste-invordering in provinsiale en plaaslike regering te doen. Spesifieke projekte waarop die Fiskale Beleid sal fokus, sluit die hersiening van die provinsiale befondsingsmodel, hersiening van die nasionale oordragstelsel, spesiale aandag aan voorwaardelike toekennings en die bevordering van navorsing oor nuwe en bestaande inkomstebronne. Hieronder tel die hersiening van die casino-eksklusiwiteitsbelastingregime en verwante belastingkoerse.

Die fokus sal ook wees op die verbetering van kontantvloeibestuuringsreëlings en likiditeit in die Provinsie en munisipaliteite wat volhoubaar en geloofwaardig is en wat daartoe bydra om dienslewering binne hierdie instellings te verbeter. Die begrotingsbestuurseenhede sal die ontwikkeling bevorder van responsiewe departementele, munisipale en entiteitsbegrotings wat bydra tot verbeterings in geselekteerde sosio-ekonomiese uitkomstedeur ekonomiese en ander ontledings wat begrotingsformulering, begrotingstoewysings en monitering van prestasie help vorm. Begrotings wat met geselekteerde sosio-ekonomiese uitkomstede en regeringsprioriteite en -doelwitte sowel as doeltreffende M&E-prosesse handel ten einde uitvoering van begrotingsbeleid en -planne te moniteer is belangrik om doeltreffende hulpbrontoewysing te help verseker. Die bereiking van 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering behels op hierdie vlak ook 'n fokus op die versterking van die skakels tussen begrotings en planne.

Aan die provinsiale kant sal pogings van die provinsiale Begrotingskantoor-eenheid daarop gerig wees om die belyning van prioriteite, begrotingstoewysing en implementering van die begroting te verseker, met die fokus op nie-finansiële prestasie. Sleutelaflewerbares van hierdie eenheid is die publikasies van die jaarlikse Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitskouing (PEO&V), die koördinerende van die Wes-Kaapse Provinsiale Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (WKPM TBBV) en

die Begrotingsoorsig van Provinsiale Inkomste en Uitgawes. Die munisipale Begrotingskantoor sal die sosio-ekonomiese responsiwiteit van munisipale begrotingsbeplanning evalueer en sal aanbevelings maak om munisipale impak op gemeenskappe te verbeter sowel as om die implementering van munisipale begrotings aan die hand van voorafbepaalde doelstellings te monitor en te evalueer. Hierbenewens sal die Sosio-ekonomiese Profilerings van munisipaliteite verder verfyn word, insluitende inisiatiewe om munisipaliteite met die bou van die nodige kapasiteit behulpsaam te wees ten einde beplannings- en begrotingsuitvoeringstandaarde te implementeer, deur kennisdeling en opleiding.

Die eenhede Openbare Finansies sal fokus op verbetering van uitgawebestuur en spesifiek die volhoubaarheid en geloofwaardigheid van provinsiale, munisipale en entiteitsbegrotings. Sleutelaktiwiteite sluit die monitering van die implementering van sodanige begrotings in ten einde hul x-doeltreffendheid, finansiële omsigtigheid en fiskale dissipline te verbeter om die vermoë van provinsiale departemente en munisipaliteite om dienste op 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering te lewer. Die monitering en bestuur van uitgawes sal ons veranderingsagentstrewes in die hand werk ten einde begrotings te bereik wat volhoubaar, operasioneel doeltreffend en doelgedrewe is, en wat ook geïmplementeer word soos beplan. Die Plaaslikeregering-eenheid sal die IRV-wisselwerkingprosesse verder verfyn en sal die verdere implementering dryf van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).

Die infrastruktuureenheid sal fokus op verhoging van die vlak van infrastruktuurleweringsdoeltreffendheid in die Provinsie tot op 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering, wat ontwikkeling en instandhouding van die Provinsiale Infrastruktuurstrategie in samewerking met die betrokke departemente sal insluit. Die fokus van die eenheid sal wees om 'n bestepaktykraamwerk vir infrastruktuurverkryging te ontwikkel en in stand te hou wat met die jongste aanbevelings van die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (ORKB) se aanbevelings asook veranderinge in die institusionele omgewing belyn is, sowel as om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n provinsiale infrastruktuurplan. Infrastruktuurbegrotings, Gebruiker-batebestuursplanne (G-BBP) en Bewaarder-batebestuursplanne (B-BBP) sal geëvalueer word, terwyl die monitering en verbetering van infrastruktuurbestedingsprestasie van aangewese departemente (Onderwys, Gesondheid, Vervoer (insluitende paaie) en (Openbare Werke en KaapNatuur) en om as kampvegter op te tree vir verbeteringsprosesse wat betref infrastruktuurlewering in hierdie departemente sal die fokusse vir die 2011-MTBR wees.

Die Bestuur van Roerende Bates-eenheid sal departemente dryf, evalueer en behulpsaam wees met die doeltreffende en effektiewe bestuur van die verskaffingsketting en van roerende bates ingevolge die WOFB. Deur die uitvoering van goeiesiklus-evaluerings sal regstellende stappe vir implementering geïdentifiseer word. Wat betref verskaffingskettingbestuur sluit steun aan provinsiale departemente opleiding, bystand en leiding ter verbetering van VKB-bestuursprosesse en die prosesse vir bestuur van roerende bates in. Aflewerbares sluit die ontwikkeling van

slutelbeginsels en riglyne ten opsigte van die hersiene Rekeningkundige Beampte-stelsels sowel as die Provinsiale Tesourie-instruksies of ander beoogde departementele inisiatiewe in wat gerig is op bespoediging en fasilitering van responsiewe VKB-strukture om departementele behoeftes te diens. Ander fokusareas sal verskaffersontwikkelingsinisiatiewe dek ten einde die verskaffersmark van kapasiteit te voorsien; data-integriteit en deursigtigheid op VKB-stelsels te verseker; om hoëgehalte- en koste-effektiewe grootmaat-aankoopinisiatiewe te verseker deur dwarsliggende kontrakte vir geïdentifiseerde goedere en dienste vir dwarsliggende provinsiale behoeftes te fasiliteer en te reël.

Soortgelyke steun sal aan munisipaliteite voorsien word. Hierbenewens sal slutelbeginsels en riglyne ontwikkel word om responsiewe VKB-strukture te versnel en te fasiliteer om munisipale behoeftes te diens; afdwinging van praktyke van goeie korporatiewe bestuur en voldoening aan VKB-beleid en -voorskrifte, asook om enige stelsel van beheer of finansiële bestuur uit 'n VKB-perspektief te ondersoek en data-integriteit en deursigtigheid op VKB-stelsels te verseker.

Die Ondersteunende en Onderling Gekoppelde Finansiële Stelsels-eenheid streef daarna om bestuur van finansiële stelsels te verbeter tot 'n vlak 3+ finansiële vermoëgradering deur te verseker dat stelselgebruikers toepaslik opgelei is in ooreenstemming met hul stelselprofile en dat doeltreffende gebruikersrekeningbestuur in stand gehou word. Die verdere ontwikkeling van die Provinsiale Tesourie-geïntegreerde opleidingsingrepe sal die korrekte en optimale gebruik van die stelsels en die geloofwaardigheid van data in die hand werk.

Hierbenewens sal die eenheid die verkryging en implementering dryf van 'n verskaffingskettingbestuurstelsel wat handel met aspekte soos verskaffersbestuur, kwotasies, botte en kontrakbestuur, waarvoor daar nie tans voorsiening gemaak word in die suite van bestaande finansiële stelsels wat aan hierdie provinsie se gebruikersvereisteverklaring voldoen nie, asook die uitrol en implementering van verbeterde LOGIS-funksionaliteite.

Die sleuteldoelstelling van die eenheid Plaaslike Regering-rekeningkunde is om die jongste Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk- (AERP-) standaard uit te rol en die implementering van die oorgangsbepalings binne die munisipaliteite van die Wes-Kaap te monitor. Hierbenewens sal hierdie eenheid die rekeningkundige stelsels en prosesse van munisipaliteite hersien ten einde die integriteit van finansiële data sowel as die bevoegdheid en personeelvoorsiening van die Rekeningkundeafdelings binne die HFB-kantore te verbeter.

Die sleuteldoelstelling van Provinsiale- en Plaaslike Regering-rekeningkunde is om die jongste rekeningkundige beleidsraamwerk vir akkurate en volledige implementering deur alle departemente, entiteite en munisipaliteite (soos toepaslik) uit te rol, asook om rekeningkundige en verwante prosesse te hersien ten einde die integriteit en volledige openbaarmaking van finansiële inligting te verbeter. Dit sal bewerkstellig word deur voortgesette evaluerings, ondersteun deur die opstel en evaluering van Tussentydse Finansiële State en Finansiële Jaarstate. Verdere fokusgebiede sal

verband hou met die bevoegdheid en personeelvoorsiening van die rekeningkundige afdelings binne die HFB-kantore, asook die publiserings van die Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate van die Provinsie. Die verbetering van die fokusgebiede wat genoem is, sal gekomplementeer word deur pasgemaakte opleiding op 'n departemente en munisipale vlak.

Die doelstellings van die eenheid vir Korporatiewe Bestuur is om departementele en munisipale HFB-kantore te dryf om op 'n vlak 3 finansiële wasdom-gradering te funksioneer, asook om die implementering van 'n doeltreffende gerusstellingsraamwerk te ontwikkel en te fasiliteer ten einde so 'n vlak van bevoegdheid te bereik. Hierdie eenheid sal fokus op die ontwikkeling en implementering van 'n raamwerk om HFB-kantore in departemente en munisipaliteite ten opsigte van hul strukture en bevoegdhede sowel as hul voldoening aan die toepaslike regulerende raamwerke te evalueer. Daarbenewens sal hierdie eenheid die doeltreffendheid van finansiële korporatiewe bestuurstrukture in die departemente en munisipaliteite monitor en bystand en opleiding bied waar dit nodig is.

1.5 Hersienings van wetgewende en ander mandate

Die volledige lys van nasionale en provinsiale wette wat in deel 4 van die Strategiese Plan aangehaal word, bly van toepassing, hoewel daar nasionale voornemens is om die regulasies te hersien wat onder die vaandel van die wette op Openbare Finansiële Bestuur en op die Voorkeurverkrygingsbeleid-raamwerk uitgegee is en wat bedoel is om die toepassings van hierdie twee wette te verbeter. Hierbenewens is 'n Wysigingswet op Staatsaanspreeklikheid in die Parlement ter tafel gelê, met die doel om die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, te wysig ten einde die wyse te reguleer waarop daar aan 'n finale hofbevel in geldterme teen die Staat uitvoering gegee moet word; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

Provinsiaal is daar deur die Premier tot 'n Wetsontwerp op Verkryging (Sakebelange van Werknemers) ingestem, en die Provinsiale Tesourie in skakeling met die Departement van die Premier is besig om die ondersteunende regulasies af te handel.

'n Volledige hersiening van Provinsiale Tesourie-instrukties oor verskaffings-kettingbestuur vorder goed en 'n uitreikingsdatum naamlik die einde van die eerste kwartaal van 2011/12 is gestel. Verdere werk saam met die Nasionale Tesourie word ook oorweeg om die wetgewende poging met betrekking tot verskaffingsbestuur uit te brei, asook om die bepalinge van die Provinsiale Grondwet doeltreffender te benut.

2. Oorsig van 2011-begroting en MTBR-ramings

2.1 Uitgaweramings

Tabel 1 Provinsiale Tesourie

Program R000	Uitkoms			Aange- suiwerde begro- ting Hersiene raming			Mediumtermyn-raming			
	Geou- diteer	Geou- diteer	Geou- diteer				% verande- ring vanaf hersiene raming			
	2007/08	2008/09	2009/10	Hoofbe- grotting 2010/11	2010/11	2010/11	2011/12	2010/11	2012/13	2013/14
1. Administrasie ^a	33 447	40 141	39 359	39 390	35 296	35 296	36 187	2.52	38 305	41 131
2. Volhoubare Hulpbronbestuur	21 540	21 346	36 531	47 263	41 708	41 708	59 363	42.33	61 141	65 105
3. Bate- en Lastebestuur	21 707	22 348	27 526	33 125	34 904	34 904	28 781	(17.54)	31 804	33 522
4. Finansiële Korporatiewe Bestuur	38 430	37 115	34 955	40 692	19 596	19 596	20 645	5.35	22 106	23 697
Totale betalings en ramings	115 124	120 950	138 371	160 470	131 504	131 504	144 976	10.24	153 356	163 455

^a LUR totale vergoedingspakket: R1 491 514 met ingang van 1 April 2010.

Let wel:

Korporatiewe Dienste is gedurende 2010/11 as deel van die moderniseringsproses na die Departement van die Premier verskuif.

Die Provinsiale Tesourie het nie 'n afsonderlike interne ouditeenheid en gebruik die interne auditkomponent van die Provinsie, wat nou in die Departement van die Premier gesetel is.

Ekonomiese Ontleding is nou ten volle geïntegreer met Begrotingsbestuur: Provinsiale Regering.

Lastebestuur is van Program 3: Bates en Laste na Fiskale Beleid onder Program 2: Volhoubare Hulpbronbestuur verskuif.

Risikobestuur resorteer nou onder Norme en Standaarde.

Ekonomiese klassifikasie R000	Uitkoms						Mediumtermyn-raming			
	Geouditeer	Geouditeer	Geouditeer				% verandering vanaf hersiene raming		2011/12	2010/11
	2007/08	2008/09	2009/10	Hoofbegroting 2010/11	Aangesuiwerde begroting 2010/11	Hersiene raming 2010/11				
Huidige betalings	112 659	118 105	134 643	157 840	128 612	128 612	141 559	10.07	149 827	159 697
Goedering van werknemers	60 231	71 482	93 902	111 309	92 082	92 082	106 534	15.69	113 010	120 023
Goedere en dienste	52 428	46 623	40 741	46 531	36 530	36 530	35 025	(4.12)	36 817	39 674
Oordragte en subsidies aan:	1 414	267	419	430	630	630	500	(20.63)	529	658
Provinsies en munisipaliteite		80								
Departementele agentskappe en rekeninge	252									
Instansies sonder winsbejag		50	100							
Huishoudings	1 162	137	319	430	630	630	500	(20.63)	529	658
Betalings vir kapitaalbates	1 030	2 541	3 106	2 200	2 214	2 214	2 917	31.75	3 000	3 100
Masjinerie en toerusting	1 030	2 541	2 153	2 200	2 214	2 214	2 917	31.75	3 000	3 100
Programmatuur en ander ontasbare bates			953							
Betalings vir finansiële bates	21	37	203		48	48		(100.00)		
Totaal ekonomiese klassifikasie	115 124	120 950	138 371	160 470	131 504	131 504	144 976	10.24	153 356	163 455

2.2 In verband bring van bestedingstendense met strategiese doelwitte

Sedert 2007 het die netto personeeldiensstaat van die Provinsiale Tesourie matig van 245 tot 314 toegeneem, wat 'n jaarlikse gemiddelde styging van 4.5 persent in die begrotingsvoorsiening tot gevolg gehad het, oftewel 'n styging van R16.380 miljoen vanaf R115.124 miljoen in 2007/08 tot R131.504 miljoen 2010/11 (hersiene raming).

Die verdere jaarlikse gemiddelde (nominale) groei van 7.5 persent vanaf die hersieneramingsyfer van R131.504 miljoen 2010/11 tot die 2013/14-syfer van R163.455 miljoen is te wyte aan die bykomende befondsing wat vir geselekteerde OGSA-prestasie-oudits, belasting en inkomstegenereringsinisiatiewe onder Program 2 ontvang is, verbeterde toesigkapasiteit en verstewiging van hoofsaaklik WMFB-verantwoordelikhede in ooreenstemming met Tesourie se 11 strategiese doelwitte.

DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

Program	Subprogram
1. Administrasie	1.1 Kantoor van die Minister 1.2 Bestuursdienste 1.3 Finansiële Bestuur
2. Volhoubare Hulpbronbestuur	2.1 Programsteun 2.2 Fiskale Beleid 2.3 Begrotingsbestuur 2.4 Openbare Finansies
3. Bates en Laste	3.1 Programsteun 3.2 Batebestuur 3.3 Onderling Gekoppelde en Finansiële Ondersteuningstelsels.
4. Finansiële Korporatiewe Bestuur	4.1 Programsteun 4.2 Rekeningkundige dienste 4.3 Korporatiewe Bestuur

3. Program 1 – Administrasie

Programbeskrywing

Gee strategiese rigting en voorsien finansiële en ander ondersteuningsdienste van gehalte aan die Minister en die Departementshoof.

Programstruktuur

Hierdie program is verder in die volgende subprogramme verdeel:

Subprogram 1.1: Kantoor van die Minister

Doel: Staan die lid van die Provinsiale Kabinet by met daardie funksies wat deur wetgewing en/of die Premier toegewys is.

Die Minister se kantoor lewer sekretariële en administratiewe dienste om die Minister by te staan in die uitvoering van sy/haar wetgewende verantwoordelikhede as LUR en as 'n verkose openbare verteenwoordiger. Dit sluit die bevordering van verhoudinge met die media en alle partye binne die regering en die breër publiek in. Die kantoor van die Minister is ook daarvoor verantwoordelik om behulpsaam te wees met die toegewese funksies van die Provinsiale Tesourie en die Departement Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme.

Subprogram 1.2: Bestuursdienste

Doel: Om die Hoof van die Departement by te staan met die lewering van funksies en verantwoordelikhede wat hetsy deur wetgewing en/of deur die Minister toegewys is.

Die Kantoor van die Departementshoof voorsien strategiese steun aan die Departement in die geheel, insluitende die sekretariaat- en ander ondersteuningsdienste. Dit sluit interne kommunikasie en webwerfdienste, inligtingsentrumdienste en bestuurskoördineringsvir die Departement in. 'n Nuwe byvoeging tot Bestuursdienste is die afdeling Bestuur van Korporatiewe Diensteverhoudings wat die gesentraliseerde Korporatiewe Dienste-sentrum wat verantwoordelik is 11 departemente se menslikehulpbron-dienste, wat nou in die Departement van die Premier gevestig is.

Subprogram 1.3: Finansiële bestuur

Doel: Doeltreffende finansiële bestuur van die Departement tot op 'n vlak 3+ finansiële vermoë-gradering en die voorsiening van beperkte akkommodasievereistes en ondersteuningsdienste.

Hierdie subprogram word gedryf deur die Hoof- Finansiële Beampte (HFB), wat ingevolge Hoofstuk 2 van die Nasionale Tesourieregulasies aangestel is en regstreeks aan die Rekenpligtige Beampte (RP) rapporteer. Die hoofpligte is oor vyf afdelings versprei.

